**Persverklaring**

# SARS VERWELKOM VONNISOPLEGGING IN BTW-BEDROGSAAK VAN R62 MILJOEN WAT TYDENS BELASTINGSEISOEN ’N STERK WAARSKUWING AAN BELASTINGMISDADIGERS RIG

**Tshwane, 10 Julie 2026** — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die vonnis van 25 jaar direkte gevangenisstraf wat mnr André Claude Dickoumba-De-Diguela opgelê is weens ’n ingewikkelde BTW-bedrogskema van R62 miljoen. Die vonnisoplegging is ’n belangrike wetstoepassingsukses en ’n duidelike waarskuwing dat belastingmisdaad vervolg sal word.

Assistance Médicale Internationale BK en sy enigste lid, mnr Claude Dickoumba-De-Diguela, het ingevolge ’n artikel 105A-pleit- en vonnisooreenkoms skuldig gepleit. Hulle het skuld erken op 127 aanklagte van bedrog en 66 aanklagte van geldwassery wat verband hou met bedrieglike BTW-terugbetalingseise wat oor ’n tydperk van 12 jaar ingedien is.

Die gespesialiseerde handelsmisdaadhof in Palm Ridge het na die skuldpleit mnr Dickoumba-De-Diguela tot 15 jaar gevangenisstraf gevonnis vir bedrog, waarvan vyf jaar opgeskort is, asook tot tien jaar gevangenisstraf vir geldwassery, wat ’n totale vonnis van 25 jaar tot gevolg het.

Die vonnis volg op die suksesvolle ondersoek na en vervolging van bedrieglike BTW-terugbetalingseise wat oor ’n tydperk van twaalf jaar stelselmatig ingedien is. Dit beklemtoon SARS se vasberadenheid om die integriteit van die belastingstelsel te beskerm en staatsinkomste teen misbruik te beveilig.

SARS Kommissaris dr. Johnstone Makhubu het die vonnisoplegging as ’n oorwinning in die stryd teen belastingbedrog, finansiële misdaad en die misbruik van die BTW-stelsel beskryf. Die kommissaris het gesê hierdie uitkoms toon die doeltreffendheid van SARS se ondersoek- en wetstoepassingsvermoëns, asook die belangrikheid van samewerking met wetstoepassings- en vervolgingsowerhede om diegene wat ingewikkelde finansiële misdade pleeg voor die gereg te bring.

“Bedrieglike BTW-terugbetalingseise is nie bloot administratiewe foute nie,” het die kommissaris gesê. “Dit is sorgvuldig berekende misdade wat die land se inkomstebasis deur bedrog ondermyn, eerlike belastingpligtiges benadeel en die regering ontneem van die hulpbronne wat nodig is om noodsaaklike openbare dienste te lewer. Elke rand wat weens bedrog verlore gaan, is ’n rand wat aangewend kon word om ekonomiese ontwikkeling, infrastruktuur, gesondheidsorg, onderwys en ander noodsaaklike dienste te ondersteun.”

Die onlangse suksesvolle vervolging beklemtoon SARS se toenemende gebruik van datagedrewe intelligensie, gevorderde risiko-opsporingstelsels en strategiese

vennootskappe om verdagte aktiwiteite te identifiseer en ingewikkelde belastingmisdade bloot te lê. Persone wat doelbewus vals inligting indien, aftrekkings oordryf, inkomste verberg of probeer om terugbetalings te bekom waarop hulle nie geregtig is nie, moet besef dat hulle vir sodanige optrede vervolg sal word.

Kommissaris Makhubu het weer beklemtoon: "SARS werk baie hard om 'n kultuur van vrywillige nakoming te bevorder. Belastingseisoen toon hierdie verbintenis in die praktyk: belastingpligtiges het beter digitale dienste, meer vooraf-voltooide inligting en makliker maniere om hul verpligtinge na te kom. Die vereenvoudiging van prosesse vir eerlike belastingpligtiges moet egter nooit as swakheid teenoor doelbewuste bedrog beskou word nie. Diegene wat BTW-terugbetalingseise fabriseer, die opbrengs verberg en geld was, bedreig ons land se finansiële stabiliteit. SARS sal die bewyse volg en saam met die betrokke owerhede werk om te verseker dat doelbewuste nienakoming werklike gevolge inhou."

Die kommissaris het ook die samewerking tussen staatsinstellings geloof om die aangeleentheid af te handel. "Ingewikkelde sake oor belasting- en finansiële misdaad vereis deeglike ondersoekwerk, sorgvuldige vervolging en volgehoue samewerking tussen agentskappe. Vandag se sukses in die hof met hierdie aangeleentheid toon wat ons kan bereik in die stryd teen die verdorwenheid en misdaad wat ons land en staatsinstellings verswelg."

Vir meer inligting, kontak SARS by SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE